
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

DIE WEGRAPING

ONS SALIGE HOOP - Titus 2:13

Jesus het dit baie duidelik aan Sy dissipels gemaak terwyl Hy nog op die aarde was, dat dit vir Hom nodig was om hulle te verlaat, maar Hy het ook Sy Woord gegee dat Hy WEER SOU KOM om hulle te kom haal! Ons lees Sy belangrike belofte in **Joh. 14:3: En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.** Dan weer in **Joh. 14:28: Julle het gehoor dat Ek aan julle gesê het: Ek gaan weg en Ek kom weer na julle toe. As julle My liefgehad het, sou julle bly wees dat Ek gesê het: Ek gaan na my Vader, omdat my Vader groter is as Ek.**

Dit was dus vir Sy dissipels duidelik dat Jesus moes gaan, maar dat Hy weer terug sou kom en omdat hulle bewus was hiervan, was die vraag in hul gedagtes WANNEER Sy wederkoms sou wees!

So lees ons in **Matt. 24:3: En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?** Jesus sê toe vir hulle om seker te maak dat niemand hulle mislei nie (Matt. 24:4), omdat so baie valse profete gedurende die tyd sal opstaan (Matt 24:6), en dan gaan Hy aan om aan hulle 'n beskrywing te gee van wat in die wêreld sou plaasvind voor Sy wederkoms. Hy praat van oorloë en gerugte van oorloë; nasie sal teen nasie opstaan en koninkryk teen koninkryk; en daar sal hongersnode en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke wees. Sonde en wetteloosheid sal oorvloedig wees en die liefde van baie sal verkoel (Matt. 24:6-7,12). Die Evangelie sal aan die hele wêreld verkondig word en dan sal die einde kom (Matt 24:14) en **dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid (Matt 24:30).** Jesus het die gebeurtenisse wat sou plaasvind net voor Sy terugkeer na die Aarde baie duidelik beskryf, en ons hoef nie vuurpyl wetenskaplikes te wees om te sien dat die tekens wat Sy koms aankondig nog nooit so duidelik in die wêreld was as wat hulle vandag is nie! So ver as dit my aangaan is daar niks wat nog in die wêreld moet gebeur vir Jesus om enige oomblik te kom nie! God se toneel is gereed vir Sy seëvierende Seun om terug te kom as Koning van die konings en Here van die here!

Ons leef in opwindende tye ten spyte van al die chaos rondom ons in die wêreld vandag, en ons hoef nie te vrees omdat die Here beloof het om ons te beskerm en vir ons te voorsien, maak nie saak wat rondom ons gebeur nie! Hy het gesê dat Hy ons nooit sou begewe of verlaat nie (Heb 13:5). Jesus het ons aangemoedig om tot die einde te volhard! Hy kom binnekort en ons behoort opgewonde te wees om net daaraan te dink, en vol verwagting en hoop! Ons moet verlang na Sy verskyning!

Paulus sê aangaande die beloning wat op diegene wag wie se lewens hul volle aandag op die koms van ons Here Jesus openbaar; **Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat Sy verskyning liefgehad het (2 Tim. 4:8).**

Die Skrifvers belowe ons dat diegene wat UITSIEN NA DIE VERSKYNING van ons Here Jesus, 'n kroon van geregtigheid sal ontvang wanneer Hy kom! Dit is dus duidelik dat hulle wat "uitsien na Sy verskyning" diegene is wat nie net uitsien na en Sy verskyning verwag nie, maar wat besig is om hulself voor te berei in groot afwagting vir die groot gebeurtenis wat sal plaasvind! DIE WEGRAPING VAN DIE KERK! Net soos enige Bruid opgewonde sou wees terwyl sy na haar Bruidegom verlang en gretig op hul troue en bruilofsmaal wag, so behoort ons te wees met die kennis van ons Hemelse Bruidegom se koms vir Sy Bruid! Ons lees hieroor in **Openb. 19:7: Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en Sy vrou het haar gereed gemaak.**

Wat 'n heerlike gebeurtenis sal dit nie wees wanneer die Here van die Hemel af op die wolke kom om Sy Bruid te kom haal nie – **Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die wegraping…)

geroep,…….Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees (1 Thes. 4:16-17).

Die Bybel waarsku ons egter dat ons moet oppas, omdat daar in die laaste dae, net voor Sy koms, spotters sal wees wat die Wegraping sal bevraagteken en twyfel en ongeloof onder die gelowiges sal veroorsaak!

Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af (2Pet. 3:3-4).

Ongelukkig doen baie menslike leerstellings vandag die rondte wat die Christen se salige hoop, nl. DIE WEGRAPING, probeer laat verflou deur dit af te maak as fiksie of verbeelding. Maar in werklikheid sê die Woord van God, dat die Wegrap-ing vir die Bruid van Christus 'n salige HOOP is, en dit is waarom dit so belangrik vir my is om seker te maak dat jy in jou hart volkome sekerheid het van hierdie wonderlike Bybelse waarheid en vertaan dat dit nie 'n VALSE HOOP is nie! **(Titus 2:13) terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus.**

Daar is sommige mense wat vir my kon sê dat dit nie werklik saak maak of hulle in die Wegraping van die Kerk glo of nie, omdat dit glad nie op enige manier 'n uitwerking op hulle kan hê nie! Hulle redeneer dat as dit gaan plaasvind, hulle deel daarvan sal wees, dus neem hulle glad nie standpunt in nie! Wel, dit is nie wat die Bybel daaroor te sê het nie. Laat ons lees wat dit sê in **Heb. 9:28: So sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn AAN DIE WAT HOM VERWAG tot saligheid.** Jesus kom vir DIE WAT HOM VERWAG! Ons lees in **Lukas 21:36: Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan.**

Waarom sou Jesus sê dat ons moet waak en bid om van die te wees wat van die komende toorn te ontvlug, as dit in elkgeval vir almal gaan wees? Ons het reeds gesien wat die Woord sê in **2 Tim. 4:8: Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal WAT SY VERSKYNING LIEFGEHAD HET (BUT TO ALL THOSE WHO LOVE HIS APPEARING - Engels)**.

Jesus kom vir die wat Hom verwag en hulself reggemaak het! Ons kan net die gelykenis van die vyf wyse en vyf dwase maagde lees in Matt. 25:1-11 om hierdie waarheid te bevestig! Let op dat al tien maagde was, en almal het vir die Bruidegom gewag, maar slegs vyf het hulle voorberei met ekstra olie vir Sy koms! Ons moet Sy wederkoms te alle tye verwag en gereed wees vir Sy koms! Hy kom vir die wat na Sy koms verlang! Baie opregte Christene wil nie hê dat Hy nou moet terugkom nie, omdat dit hul planne waarmee hulle nou op die oomblik op die aarde besig is sal ontrief! Hulle visie is meer vir die aarde as vir hul ewige een wat ewigdurend is!

Daar is verskillende denkrigtings oor WANNEER die wegraping gaan plaas-vind, maar dit is nie waaroor hierdie boodskap gaan nie. Ek wil graag net die feit dat daar WEL 'N WEGRAPING GAAN WEES in jou gemoed bevestig sodat ONS KAN GEREED WEES wan-neer dit ookal plaasvind.

Let op die volgende Skrif:

Maar mag onse God en Vader self en onse Here Jesus Christus ons weg na julle toe rig; en mag die Here julle ryk en oorvloedig maak in liefde vir mekaar en vir almal, soos ons ook teenoor julle is, sodat Hy julle harte kan versterk om onberispelik te wees in heiligheid voor onse God en Vader by die wederkoms van onse Here Jesus Christus met al Sy heiliges (1Thes. 3:11-13).

Verder dan, broeders, vra en vermaan ons julle in die Here Jesus dat julle, soos julle van ons geleer het hoe julle moet wandel en God behaag, nog oorvloediger mag wees. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde (1 Thess. 4:1, 16-18).

In vers 17 kom die volgende woorde voor: **saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug ….**

Daardie woordjie WEGGEVOER word in Engels vertaal met "CAUGHT UP", in Grieks HARPAZO en in Latyn RAPIO - hierdie laaste woord is dan ook waar die Engelse benaming vir die WE-GRAPING nl. RAPTURE vandaan kom.

Daar is twee ander tekste waar hierdie selfde woord gebruik word in die Nuwe Testament.

Hand. 8:39: En toe hulle uit die water opklim, het die Gees van die Here Filip-pus skielik WEGGEVOER en die hofdienaar het hom nie meer gesien nie, want hy het sy weg met blydskap gereis.

Matt. 13:19: As iemand die woord van die koninkryk hoor en nie verstaan nie, kom die Bose en ROOF [raap weg] **wat in sy hart gesaai is - dit is hy by wie langs die pad gesaai is.**

Dit is aangeteken dat toe Jesus opgevaar het na die Hemel, Sy dissipels gekyk het hoe Hy gegaan het **… en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle OPGENEEM is in die hemel, sal net so kom soon julle Hom na die hemel sien wegvaar het (Hand 1: 9 – 11).**

Let op: **SAL NET SO KOM.** Dieselfde Jesus wat gegaan het, kom weer op dieselfde manier! Letterlik, fisies en sigbaar! Die Engele sê Jesus sal terugkom op die wolke! **1 Kor. 15:51-52** spreek ook baie duidelik oor die WEGRAPING: **Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weer-klink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.**

Die Woord waarsku ons egter om te waak en te bid omdat ons nie die presiese dag en tyd van Sy koms weet nie. **Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie (Matt. 25:13).** Ons is goed bewus van hierdie Bybelse

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die wegraping…)
waarheid, tog het Meg 'n betekenisvolle droom gehad die namiddag van Sondag die 16de September, wat sy met my gedeel het in die vrees van die Here. Ek het gevoel dat die Here wou hê dat sy dit ook met ons lesers moes deel en die volgende woorde is soos Meg haar ondervinding vertel:

Ek het gedroom dat Chantal ons dogter, met trane in haar oë, 'n aantal bladsye van papier soos manuskripte aan my gegee het en toe sy dit doen het sy vir my gesê dat daar 22 van hulle in totaal is. Ek het haar besorgdheid en haar liefde aangevoel en ek was geweldig emosioneel toe ek dit van haar ontvang het. Die droom was kort, maar baie herlder en baie emosioneel en ek het dadelik geweet dat dit van die Here was.

Toe ek wakker word was ek steeds baie emosioneel, ek het vir Chantal gebel en sy het aandagtig geluister soos ek my droom aan haar vertel het, maar sy het gesê dat sy geen idee het wat die nommer 22 kon beteken nie, aangasien dit hoegenaamd geen betekenis in haar lewe gehad het nie. Ek kon ook nie dink wat daardie nommer in my lewe beteken nie, tog het ek geweet dat dit na iets belangrik gewys het!

Die droom wou my nie met ruslaat nie omdat dit so helder en betekenisvol was, dus het ek gebid en dit in die hande van die Here gelaat. Die volgende oggend was Maandag en toe ons by die Sentrum aankom, reg vir die nuwe week, het die telefoon gelui en Chantal het dit geantwoord. Dit was 'n oproep van 'n liewe vriendin van die bediening wat vroeg gelui het om ons "Shana Tova" – wat Voorspoedige nuwe jaar in Hebreeus is - toe te wens. Ons het toe besef dat dit Maandag die 17de September was en die begin van die Joodse Nuwe Jaar! Sy het toe gesê: "Weet julle dat die Jaar die Joodse Nuwe Jaar van 5773 is en as jy dit optel is dit 22! Ons het hoendervleis oor ons hele lyf gekry! Sy het bygevoeg dat die Bybel se numeriese waarde van die woord "Omega" – beteken "die laaste" of "die einde" – 22 is en dat Jesus gesê het dat Hy die Alfa en die Omega is, dit is in ***Openbaring hoofstuk 22.*** **Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste** ***(Openb. 22:13).*** *Ek het besef dat die rede waarom ek die droom die vorige middag op die 16de gehad het, was omdat die begin van 'n nuwe dag op die Joodse kalender om 6 nm die vorige dag begin en dit was waarom ek die droom om 4nm in die middag gegee is, net voor die begin van Rosh Hashanah op die 17de September. Die begin van die jaar 5773 – die nommers bymekaar getel is 22! Ons het dadelik gaan sit en nagedink oor wat dit alles kon beteken, en het sterk genoeg daaroor gevoel om dit met julle almal te deel. Rosh Hashanah word die Fees van Trompette genoem!*

Ek weet nie of jy bewus is van die feit dat elke letter van die Hebreeuse alphabet 'n numeriese waarde het en dat regdeur die Bybel God baie betekenis plaas op datums en nommers. Dit is 'n hele studie op sigself, maar genoeg om te sê dat in God se plan is daar 'n dag vir alles wat Hy bedoel het! Ek herhaal, ek stel nie 'n bepaalde maand, week, dag of uur vir Sy koms voor nie, maar dit moet herhaal word, Jesus kom vir Sy Bruid soos Hy belowe het en Sy koms is gou!

Soos I Thess. 4:18 dan ook beveel, wil ek jou met hierdie tekste BEMOEDIG. Wat ookal jou omstandighede, kyk op, pak op! Ons KONING IS OPPAD!!

Maar ek wil jou ook VERMAAN om elke dag verwagtend te wees, want ons kan beslis nie KONING JESUS ontmoet as ons Hom nie verwag nie.

1 Joh. 3:3: **En elkeen wat hierdie hoop op Horn het** [die hoop dat hy Jesus van Aangesig tot aangesig gaan sien], **REINIG homself soon Hy rein is.**

Dwarsdeur Paulus se Briewe kom 'n geweldige besorgdheid oor Sy dissipels se REINHEID na vore.

2 Kor. 11:2: Want ek is jaloers oor julle met'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n REINE maagd aan Christus voor te stel. [Engels: I PROMISED you to one husband, to Christ, so that I might present you as a pure virgin to Him].

Dit is asof Paulus hier die Gemeente van Korinthe baie sterk aanspreek oor hulle rein lewenswandel, want hy het hulle aan Jesus Christus belowe.

I Thess. 5:23: En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al ONBERISPELIK bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Chris-tus.

1 Tim. 4:12: Laat niemand jou jonk-heid verag nie, maar wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in REINHEID.

Reinheid kan ook vertaal word met SUIWERHEID [Engels: purity], met ander woorde onbesoedeld, vry van kontaminasie en kompromie: afgesonderd. Hoe tragies is dit nie dat daar selfs leraars is wat hulle mense aanmoedig om die "lewe te geniet" met sigarette, drankies en dobbel, en SELF daaraan meedoen! Gemeentelede word gesus oor sonde. Neem maar die saak van egbreuk en huweliks ontrou – het jy al gehoor van iemand wat uit die kerk gesit is daaroor? Tog is dit sonde in die oë van God, maar die mens se kompromie akkommodeer dit.

Ook Petrus lê klem op die "ander-sheid" van God: **Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n HEILIGE VOLK, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot Sy won-derbare lig [1 Pet. 2:9].**

Waarom sou die Bybel soveel klem lê op HEILIGHEID? [heiligheid beteken om afgesonder te wees vir die Here]. Die Here weet dat as ons eers in die atmosfeer van sonde kom, geskied verleiding en mis-leiding baie maklik. En ons troos onsself met die gedagte dat dit maar net EEN-KEER was, maar as ons nie WEGBLY nie, gaan dit die 2de en die 3de keer mak-liker en moeiliker om NEE te sê, en nou-nou het Satan beheer, en nie meer jy nie. Daarom: BLY LIEWER HEELTE-MAL WEG VAN DIE SONDE AF!

Dit is nie altyd so maklik nie, en daarom het die Heiland Sy dissipels vermaan om WAAKSAAM en OP HULLE HOEDE te wees, te WAAK en te BID en GEEN PLEK TE GEE AAN DIE DUIWEL NIE.

As ons egter 'n visie en openbaring het van wat voorlê, is hierdie afsondering van die wêreld en sonde, soveel makliker.

Heb.12:2: …. die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die VREUGDE wat Hom voorge-hou is, die kruis verdra het ….

Wie was en is Jesus Christus se VREUGDE? ONS ! Dit is tog immers VIR ONS dat Hy die Kruis verdra het. Wat verwag Hy nou van ons? Om ons oë OP HOM te hou sodat ons nie links of regs afwyk en in sonde verval en onsself so-doende besoedel en verontreinig nie.

Ons SALIGE HOOP is eerstens die WEGRAPING **wat ons persoonlik glo, binnekort gaan wees**. Dan lê die heerlike BRUILOFSMAAL VAN DIE LAM voor: Jesus Christus en Sy Bruid- sonder vlek of rimpel! **(Ef. 5:27)**

(Vervolg op Bl. 4)

*(Vervolg vanaf **Bl. 3—Die wegraping...**)*

sodat Hy die gemeente (Sy Liggaam, die Kerk, Sy Bruid) **voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees**.

Is JY deel van Sy Bruid? Moenie ver-slap totdat die Bruidegom kom nie!

Ek herhaal die gelykenis van die vyf wyse en vyf dwase maagde wat Jesus vertel het en wat vir my altyd aangrypend is.

ALMAL het met olie begin: **daar was olie in al die lampe.** Maar die verstandige maagde het ook **olie in hulle kanne saam met hul lampe geneem** [vers 4].

Die uitstaande les vir die gelowige hierin is dat die vyf wyse maagde VOOR-BEREID was, hulle het besef dat hulle saam moet WAG en was vasbeslote om SUSKSESVOL die doel te bereik: die bruilofsmaal. Is daar 'n dergelike VAS-BESLOTENHEID in JOU hart en lewe?

Geliefde, soos ek reeds gesê het is my doel met hierdie skrywe tweeledig: Eer-stens, om ons almal te BEMOEDIG om te volhard met ywer, want net so seker as wat 'n groot persentasie van die Bybelse profesieë al reeds vervul is, net so seker gaan die Wegraping van Jesus Christus se Bruid, NA HOM TOE, plaas-vind. Wat 'n heerlike dag!

Maar, tweedens, vra ek hierdie allerbelangrikste vraag: Is ons gereed om die Bruidegom te ontmoet? (Lees ons boek Is Jy Gereed?)

Laat ons 'n oomblik neem om oor die volgende woorde van Jesus na te dink en oorweeg sorgvuldig wat elkeen van ons hoop om te hoor wat Hy vir ons gaan sê - **Mooi so, goeie en getroue dienskneg .... gaan in in die vreugde van jou Heer! [Matt.25:23]**

Terwyl daar nog tyd vir ons oor is om belangrike besluite te neem ten opsigte van ons lewens, laat ons, as 'n opgewonde Bruid wat verlang na en wag op die koms van haar Geliefde Bruidegom, onsself rein en sonder vlek bewaar – liefderyk uitsien na Sy verskyning!

En die Gees en die bruid sê: Kom! En, laat hom wat hoor, sê: Kom ! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem verniet [Openb.22:17].

Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus! (Openb. 22:20) □

BE NOT AFRAID

Jesus, speaking to His disciples about the last days, said these words in Luke 21:25-26: **And there shall be signs in the sun, and in the moon, and in the stars; and upon the earth distress of nations, with perplexity; the sea and the waves roaring; Men's hearts failing them for fear, and for looking after those things which are coming on the earth: for the powers of heaven shall be shaken.**

We have all witnessed the sea and the waves roaring as a result of tsunamis and earthquakes in recent times, and certainly astronomers are predicting that much unusual activity will take place in the universe in the near future. Then there is without doubt great distress and perplexity among nations, in spite of the world's great leaders getting their heads together intent on solving numerous "global problems", and they intensify by the day and all their wisdom is useless! Jesus said that because of the circumstances that would prevail in the world around us at this time, **men's hearts would become filled with fear**, and we see that this is in fact taking place with growing intensity. The "spirit of fear" is encroaching on many more lives than ever before and we must be alert to the devil's strategy and the weapon he is using to cripple, even the Lord's people, by attacking their faith with his instrument of fear and apprehension.

We need to guard our hearts and minds continually and resist becoming fearful at all costs, by turning to the Word of the Lord with greater determination and conviction! The Word of the Lord is the greatest missile for combating fear and He has given us this privileged information 2000 years ago so that we are not caught off guard when these prophesied realities take place!

It is an established fact that many physical ailments, such as heart-attacks and stomach ulcers are aggravated and even caused by fear and worry, and we are warned in **Proverbs 17:22: A merry heart doeth good like a medicine: but a broken spirit drieth the bones.** The Word of the Lord tells us that a "happy heart" promotes healing whereas a "crushed spirit" dries out the bones. **A merry heart maketh a cheerful countenance: but by sorrow of the heart the spirit is broken. (Prov. 15:13)**

We read in 2Timothy 1:7 that fear is a "spirit" - and when you allow it to take hold of you, it gradually changes your whole thought pattern. Its influence causes you to eventually see, hear and speak only that which the fear dictates, and it will consume you. Hatred and rejection operate in the same way. The person who gives place to a demon or spirit of rejection reaches a point where he actually believes that nobody cares for him. He really believes that all circumstances conspire to break him down and that he is unloved, unappreciated, useless and a failure. The aim and object of all demon sprits, regardless of their personality, is ultimate destruction of the person they target, and with the spirit of rejection, the final result is deep depression, often leading to suicide. This is why it is so important that in the case of fear we realise that we are dealing with a demonic spirit, which must be resisted with determination! And we do this with faith in God and His infallible, incorruptible Word!

Jesus warned His disciples on numerous occasions NOT TO FEAR! He knew that fear would render them helpless and ineffective without vision and motivation. That is exactly what fear does!

In John 14:27, Jesus said: **"Peace I leave you, My peace I give to you… Do not let your hearts be troubled and do not be afraid".** To Jairus, the ruler of the Synagogue, who received news that his daughter had just died, Jesus said in Mark 5:36: **Be not afraid, only believe.** By staying out of fear at Jesus' command, Jairus' daughter was brought back to life when He prayed for her! After Jesus had risen from the dead, He appeared to the two woman who came to His grave, and we read in **Matt. 28:10 Then said Jesus unto them, Be not afraid: go tell My brethren that they go into Galilee, and there shall they see Me.** And when the Apostle John beheld the risen Lord on Patmos, he says in **Rev 1:17, And when I saw Him, I fell at His feet as dead. And He laid His right hand upon me, saying unto me, *Fear not; I* am the first and the last:**

In Jesus, peace and joy are ours, regardless of the circumstances – what priceless possessions! So, when Satan, the thief (according to John 10:10), comes to steal these possessions and tries to replace them with depression and fear, we must be alert and stand our ground according to the Word of the Lord. We must give no place to that demonic influence or demon spirit! There is the very descriptive illustration of the stray dog that slinks in through the back gate to eat your dog's food. He will eat it all if you allow him to! The same is true of the devil, you need to resist and stop him in his tracks with God's promises in His Word. According to James 4:7 we are assured that when we do resist him in this manner, he **must** flee!

In 1 Peter 5:8 the Word tells us that the devil prowls around like a roaring lion looking for someone to devour. He can only devour those who will allow him to, and who will make room for him. Give no place to the devil Eph. 4:27 tells us.

FEAR BRINGS FAILURE

Judges 7:3: "Anyone who trembles with fear may turn around and leave the Mount of Gilead!" This is the story of how three hundred Israelites under the leadership of Gideon drove out the Midianites. At the start, there had been thirty-two thousand Israelites going into battle against the Midianites, but God gave Gideon the wisdom to know that fear brings defeat and that he would be better off with just a handful of fearless soldiers than with an army of thousands, most of whom were fearful! FEAR BRINGS FAILURE. Let us consider a few scriptures from the Bible that concern FEAR:

Isaiah 37:6-7: This is what the Lord says: <u>Do not be afraid</u> of what you have heard – those words with which the underlings of the king of Assyria have blasphemed Me. Listen! I am going to put a spirit on him …. I will have him cut down with a sword!

Jer. 1:8: <u>Do not be afraid</u> of them for I am with you and will rescue you, says the Lord.

Ex. 14:13: <u>Do not be afraid</u>! Stand firm and you will see the deliverance the Lord will bring to you.

Psalm 91:5: You will <u>not fear</u> the terror of the night, nor the arrow that flies by day.

Deut. 20:1-3: When you go to war against your enemies …… <u>do not be afraid</u> of them , because the Lord your God will be with you.

(Continued from Page 5 - FAITH IN ACTION)

2 Chron. 20:15: This is what the Lord says to you: Do not be afraid or discouraged because of this vast army. For the battle is not yours but God's.

From these scriptures it is obvious that God told his people quite clearly that they had no reason whatsoever to fear because He was with them, and as the New Testament tells us in **Rom. 8:31: If God is for me, then who can be against me?**

FEAR BREEDS FEAR

If you fear cancer because your father and grandfather had it, then Satan is able to use that very fear against you. Take heed of the words that Job spoke in **Job. 3:25: For the thing which I greatly feared is come upon me**. Fear failure, and it will come to you! Fear can even make you financially insecure, so that instead of giving joyfully, as the Lord requires of you, you may feel the need to hold onto everything you have, thus robbing yourself of the blessings He wants to give you through your obedience to His spiritual law of giving. Fear causes nervous conditions including panic attacks and hypochondria. It robs you of your precious sleep causing insomnia. It produces a knot in your stomach and a state of continual apprehension, a feeling of foreboding, always expecting the worst is going to happen! Dejection, depression and destruction all have their roots in fear. Get our book – The Christian an Job.

But hallelujah! there is victory, deliverance and liberation from the web of fear! ON THE CROSS OF CALVARY JESUS CHRIST PAID THE FULL PRICE SO THAT YOU AND I CAN BE FREE OF ANY OF SATAN'S BONDAGES – AND THAT INCLUDES FEAR! Jesus paid the price at Calvary by laying down His life unto death, and through His sacrificial death on the cross, Satan was defeated once and for all! **(Col 2:14) Blotting out the handwriting of ordinances that was against us, which was contrary to us, and took it out of the way, nailing it to His cross; *And* having spoiled principalities and powers, He made a show of them openly, triumphing over them in it** (the cross.) Jesus, through His shed blood, overcame death, hell and the grave when He died on that cross, and that was the purpose for Him coming from Heaven to this Earth! His mission was that through His sacrificial death all men might be forgiven and saved from eternal death and damnation. This required Him to take on the form of a man, human flesh, and we read in **Hebrews 2:14-15: Forasmuch then as the children are partakers of flesh and blood, He also Himself likewise took part of the same; that through death He might destroy him that had the power of death, that is, the devil; And deliver them who through fear of death were all their lifetime subject to bondage.** Because Jesus overcame death, we no longer need to fear dying! And because the fear of death is man's ultimate fear, the devil does not have any power over us in this regard anymore! Hallelujah!

For God hath not given us the spirit of fear; but of power, and of love, and of a sound mind. (2Tim. 1:7)

FAITH REPLACES FEAR

The Bible tells us in Heb. 11:1 that faith is being sure of what we hope for and certain of what we do not see.

How does faith operate? **Rom. 10:17 tells us that faith cometh by hearing, and hearing by the Word of God.** So, faith is developed by studying the Word of God and acting upon it. This Word produces not only faith, but also love, joy, health, provision and godly wisdom.

Faith follows upon the hearing and doing the Word of God – not just hearing. Fear follows upon the hearing and responding to the word of this world – Satan's lies. Faith grows when we think and meditate upon the Word of God. Fear comes when we think and dwell upon the lies of Satan and react to them. The very worst thing you can do is respond with fear.

In Matt. 14, we find an excellent example of faith vs. fear. The disciples were out in the boat and Jesus walked upon the water! Peter desired to go to the Lord and the Lord said to him, "Come". Peter climbed out of the boat and began to walk towards Jesus. Verse 30 of Matt 14 says it all! **But when he saw the wind, he was afraid and, beginning to sink, cried out Lord, save me!** Why did Peter sink? The Word tells us that he saw the wind and **became afraid**. Peter walked on the water in obedience to and by faith in the Word of his Lord Jesus, who said to him, "Come!" But when **FEAR** came, it overwhelmed him, took control and he faltered. Had he rebuked fear and continued to trust the Word of the Lord, fear would have disappeared, but he submitted to it and his faith wavered. He believed the circumstances instead of relying on the word of Jesus.

Faith is nurtured and grows through trusting the Word, so use the **"sword of the Spirit, which is the Word of God" (Eph. 6:7)** to resist Satan at every turn. Hold high your **"shield of faith, with which you can extinguish all the flaming arrows of the evil one" (Eph. 6:16).**

Have you put your full trust in Him? Do you believe His promises in His Word? Then you have nothing to fear.

"Lord, thank you that you did not give me a spirit of fear, but of power and love and self-control, according to Your Word in 2 Tim 1:7.

You can choose to walk in faith and your actions and language will show it. Do you find yourself confessing " I am AFRAID I cannot do that.", "I am AFRAID not"; I am AFRAID that is true"; "I am DEAD scared"; I'm AFRAID I'll catch a cold!". Remember the truth that Jesus taught His disciples in **Mark 11: 22-23....Have faith in God. For verily I say unto you, That whosoever shall say unto this mountain, Be thou removed, and be thou cast into the sea; and shall not doubt in his heart, but shall believe that those things which he saith shall come to pass; he shall have whatsoever he saith.**

Watch the words of your mouth because they are an indication of what you are actually believing deep down inside! Speak forth faith filled words, believing that the Lord hastens to perform His Word according to His promise in Jeremiah and you will be excited to see how He will honour it in your life and in the lives of those around you. **……. for I will hasten My word to perform it. (Jer. 1:12)**

We have said that faith is the antidote for fear and that faith is built up through the Word of God (Rom. 10:17) and so it is to the Word that we must return with renewed zeal. SPEND TIME WITH HIS WORD SO THAT YOUR THINKING PATTERN IS REPROGRAMMED FROM FEAR TO FAITH, FROM DEATH TO LIFE. The Word tells us in **Rom. 12 verse 2: And do not be conformed to this world, but be transformed by the renewing of your mind, that you may prove what is that good and acceptable and perfect will of God.** Our minds need to transformed by the Word of God, His ways, His promises. If you are inclined to reason and think according to the ways of this world, then make a quality decision today to transform your thinking process bringing it into line with the

(Continued on page. 7)

(Continued from page 6)
truth of God's' Word, but if you do not study His Word, you arrive at a dead end.

Just consider some of the wonderful promises to you in His Word:

Isa 54:14 and 17: In righteousness shalt thou be established: thou shalt be far from oppression; for thou shalt not fear: and from terror; for it shall not come near thee. No weapon that is formed against thee shall prosper; and every tongue *that* shall rise against thee in judgment thou shalt condemn. This *is* the heritage of the servants of the LORD, and their righteousness *is* of Me, saith the LORD.

Psalm 118:6: The Lord is with me; I will not be afraid. "I WILL" is a very determined statement and Verse 7 of the same Psalm goes on to say: **The Lord is with me He is my helper. I will look in triumph on my enemies!** When you come to the understanding that the Lord is on your side you will not fear! Fear has no place whatsoever in your life! Fear is sin! Rom. 14:23 tells us: **…… for whatever is not of faith is sin.**

Psalm 16:8: I have set the LORD always before me: because *He is* at my right hand, I shall not be moved.

A wonderful promise to cling to in faith during a time of need, when the enemy is trying to bring fear upon you, is Isaiah 43:1-2, which encouragingly declares**: Fear not, for I have redeemed you, I have called you by name; you are Mine. When thou passest through the waters, I *will be* with thee; and through the rivers, they shall not overflow thee: when thou walkest through the fire, thou shalt not be burned; neither shall the flame kindle upon thee.**

The words "FEAR NOT" appear more than sixty times in the Bible and when the Lord gives a command, He also supplies the strength and ability necessary for us to be able to carry it out! Now the choice lies with you, you do not have to choose fear, but you can! You do not have to choose faith, but you can!

Take only the above four scriptures (Isaiah 54:14; Psalm. 118:6; Psalm 16:8; Isaiah 43:1-2) and see what God has promised you! He has established you in righteousness so you don't have to fear. Terror will not come near you! God is with you! He is at your right hand and you are immovable; He has redeemed you! GOD'S WORD PROMISES ALL THIS! So you, as His child , should live a life free from fear!

Satan cannot create, but only corrupt that which has already been created. Fear of illness is a corruption of Peter 2:24 which declares: **….by His** (Jesus) **wounds you have been healed.** Fear of poverty is a corruption of Phil. 4:19 which declares: **And my God will meet all your needs according to His glorious riches in Christ Jesus.** You can be sure that any fear that Satan puts into your mind, is a corruption of a promise of God to His children! The Word of the Lord exhorts us in Phil.4:6-7 saying: **Be anxious for nothing; but in everything by prayer and supplication with thanksgiving let your requests be made known unto God. And the peace of God, which passeth all understanding, shall keep your hearts and minds through Christ Jesus.** Make this scripture your goal this year!

I began this message with the Lord's declaration to His disciples in Luke 21:25-26 regarding the events that would take place on the Earth in the last days **so that men's hearts would fail them for fear,** but I want to conclude my message with the very next two verses of Luke 21, verses 27 and 28, in which Jesus exhorts us all by adding the following wonderful climax: **And then shall they see the Son of man coming in a cloud with power and great glory. And when these things begin to come to pass, then look up, and lift up your heads; for your redemption draweth nigh.** So really Church, what do we have to fear? Jesus is coming with power and great glory so let Him find us filled with joy and expectancy, and full of faith! Amen. □

uit **Dr James se kantoor**

Geliefdes in Jesus,

Ongeag van die wêreld se situasie en probleme, spreek ek dagliks die wonderlike woorde van geloof in **Hab.3:18: NOGTANS sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die God van my heil.** Habakkuk is 'n kragtige boek oor geloof! Die Sentrale tema is dat ***die regverdige uit die geloof sal lewe*** **[Rom.1:17],** en dan beskryf dit ook die stryd en oorwinning van só 'n lewe. Habakkuk is 'n kort boek lees dit gerus deur. Hoofstuk1:1-4 stel die vrae wat geloof stel. Hoofstuk 2 vers 1 beskryf die WAG wat met geloof saam gaan, en Hoofstuk 3: 14-17 sing die oorwinningslied van geloof! Dit is ook hierdie soort geloof wat Paulus oordra in die Nuwe Testament in sy briewe aan die Romeine, Galasiërs en die Hebreërs: die geloof wat nie kyk na omstandighede nie; nie gelei word deur gevoelens nie, maar net kyk na die Here en Sy beloftes. Dit is hierdie soort geloof wat kan uitroep; afgesien van alles om my (die droogte, die politiek, die swak finansies, die siekte, die korrupsie, die wetteloosheid - **NOGTANS sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die God van my heil. Die Here, Here is my sterkte, en Hy maak my voete soos die van herte, en Hy laat my tree op my hoogtes [Hab.3:18-19]**

Kyk hoe pragtig stel die Engelse Amplified Bybel dit:

Though the fig tree does not blossom, and there be no fruit on the vines; [though] the product of the olive fail, and the fields yield no food; though the flock be cut off from the fold, and there be no cattle in the stalls; YET I will rejoice in the Lord, I will exalt in the victorius God of my salvation! The Lord God is my strength, my personal bravery and my invincible army; He makes me to walk [not to stand still in terror, but to walk] and make spiritual progress upon my high places [of trouble, suffering or responsibility]!

Yet amid all these things we are more than conquerors and gain a surpassing victory through Him Who loved us. (Rom 8:37)

Afrikaans vertaling: **Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. (Rom 8:37)**

Rom.10:17: Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God.

Hierdie teks moet vir ons 'n belangrike riglyn van ons wandel met God wees naamlik, dat as ons gebrek het aan geloof, gaan na die Bybel. Glo my, geloof word beslis nie opgebou met TV-programme, koerante of tydskrifte nie, en ook nie

(Vervolg op Bl. 8)

(Vervolg vanaf Bl. 7 - Uit Dr James)

met wêreldse geselskap en ligsinnige praatjies nie, maar met die lees en oordenking van God se Woord. Lees die Bybel, baie en dikwels, en soek geselskap op wat sal gaan oor God se Woord, en jou geloof sal sterk bly. **Ons behoort in die geloof te wandel, terwyl ons deur die Heilige Gees gelei word, elke oomblik elke dag soos ons die tekens van die tye sien! Jesus kom binnekort, Hallelujah!!**

Baie dankie aan al ons Familie in Jesus wat só ywerig met ons saam werk op baie gebiede? van ons bediening. Ons is met vreugde besig om nog steeds die Evangelie deur die land te versprei, want soos ons al dikwels gesê het lê die oplossing van hierdie land se probleme nie in samesprekings en vredesberade nie, maar in die kennis en toewyding van AL sy mense aan Jesus Christus.

Ons is ook baie dankbaar vir elke briefie wat vanaf julle kom, en al die getuienisse! Ons sien hierdie getuienisse beslis as die wyse waarop die Here ons aanmoedig, want ons deel met só baie mense oor die hele land en bid vir hulle en dan kom die getuienisse! ALLE EER AAN DIE HERE! WAT GOD DOEN, IS VOLMAAK! [Psl.18:30]

Baie, baie dankie vir julle gebede en getroue ondersteuning. Ons vra ons hemelse Vader om elkeen ryklik te seën en om in al julle behoeftes te voorsien! Ons dien 'n wonderlike en liefdevolle God - aan Hom alleen, kom al die lof toe,

Baie liefdegroete,

Dr James

Ons God van wonderwerke……Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Oor bykans 1 jaar het ons vir Mark gebid. Hy was 3 maande in 'n koma na 'n motorongeluk. Elf keer teater toe en baie verswak. Mark het herstel en is terug by Sy werk. Albert wie twee maagsere gehad het, en wie as gevolg daarvan 6 pinte bloed ontvang het. Gister slegs 'n maand na die eerste kamera ondersoek was daar geen teken van enige seer nie en kon onmiddelik alle medikasie staak. My dogter in Mosselbaai wie wreed aangeval is herstel goed. Ons loof en prys ons Hemelse Vader!! Baie dankie

Liefde Mev M Blignaut, Vereeniging

Alle eer aan God Drie-Enig! My tannie is haar ou self. Sy is vol krag, praat weer met dieselfde spoed en krag as hoe ek haar ken. Haar verstand is heeltemal helder en van al die simptome (hartversaking, bloedklonte in haar long en 'n tekort aan suurstof in haar bloed) van 'n week gelede is daar GEEN sprake nie! Baie dankie vir u voorbidding. Ek het haar vertel daarvan en dra hiermeer haar dankbaarheid aan u oor! Sy is weer haar ouself! Hallelujah!

Mev A Bonthuys

More dr. James en span. Ek wil net baie dankie sê vir die gebed. Die toetse was negatief geen kanker nie!! Ek het nie nodig om terug te gaan nie! EK gee aan God al die eer!! Baie dankie vir gebede.

Claudine

Baie dankie vir julle voorbidding. Die Here stort daagliks Sy goedheid oor ons uit. My man het by die hospitaal omgedraai, en die neurochirurg wou sy rug opereer, die Here vertrou en hy is volmaak genees!

Ek het ook 'n abses by 'n tandwortel gehad. Die x-straal plate het dit bevestig. Ek het gebel en voorbidding gevra. Deur Jesus se wonde is dit ook genees, sonder enige menslike behandeling. Ons prys die Here vir elkeen van julle!! Baie dankie vir u liefde en aanmoediging, ons bid gereeld vir u, en ons is baie lief vir u. Alle eer aan Koning Jesus.

J du Preez, Ceres

Omtrent 3 jaar gelede het u vir my gebid vir my katarakte op die oë, en toe ek by die spesialis kom kon hy geen katarakte kry nie!! En verlede maand het ek weer laat toets en nog steeds geen katarakke!!

Mev T Delport, Sandton

Dr James en Meg, my moeder is tenvolle herstel, sy is terug by die huis. My hart loop oor van dankbaarheid en ek kan nie die Here genoeg loof en prys vir Sy groot genade nie! Prys ons Koning saam met my! Vriendelike groete.

Mev J Mulder, Ceres

Ek het onlangs aan u geskryf waarna ons telefoonoproepe en 'n brief ontvang het van u. Ek wil u graag inlig dat ons Koning en Here Jesus deur U gebed vir my genesing gebring het in my bene. Die senuwee het byna volkome herstel en die pyn in my bene en voete het geheel en al verdwyn dieselfde dag dat u vir ons in gebed getree het by Jesus. Prys Sy Heilige Naam vir die genesing.

Mnr S Serfontein, Pretoria

Baie dankie, hoe sê 'n mens dankie as jy regtig dankbaar is. Wel die goeie nuus is my broer Peter is volkome genees van prostaat kanker, en die kanker op sy gesig en arms is ook so skoon. Hy is nou so gesond!! Prys die Here vir Sy goedheid!!

Baie liefde groete aan almal by die sentrum.

Mev P Coetzee, Kaapstad